

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*Oorwinning*  
*oor*  
*Beproeulings*

Oorwinning oor Beproeulings

*'n Studie van 1 & 2 Petrus*

*OORWINNING OOR BEPROEWINGS: 'N STUDIE VAN 1 & 2 PETRUS*

Kopiereg © 2024 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Oorwinning oor Beprowings: 'n Studie van 1 & 2 Petrus* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

AFRIKAANS



WANNEER VROUE  
TOEGERUS IS MET DIE  
KENNIS VAN GOD SE  
WAARHEID, WORD DIE  
WÊRELD VERANDER,  
EEN VROU OP 'N SLAG.



## INHOUD

*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*018* DOELWITTE

*019* WEEK 1

*042* WEEK 2

*065* WEEK 3

*088* WEEK 4

*111* WEEK 5

*134* WEEK 6

*157* SLUIT BY ONS AAN

*158* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR  
GEBID; DIT IS  
GEEN TOEVAL  
DAT JY AAN  
HIERDIE STUDIE  
DEELNEEM NIE.



## W E L K O M !

**O**ns is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daaglik in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

**L**ove God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue **INSPIREER** om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.


Ons wil vroue **AANMOEDIG** in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue **TOERUS** om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*JY SAL VROUE VIND WAT  
ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*



Love God Greatly is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevonding vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. Ons Engelse joernale en boeke kan op [lovegodgreatly.com](http://lovegodgreatly.com) gekoop word. Ouer studies en joernale vir kinders kan op Amazon gekoop word.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Al ons studies kan op [lovegodgreatly.com](http://lovegodgreatly.com) afgelaai word. Bybelstudies in Afrikaans kan afgelaai word by [lovegodgreatly.com/Afrikaans](http://lovegodgreatly.com/Afrikaans). Fisiese boeke kan gekoop word op Amazon.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

### **DIE BEHOEFTE**

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

### **DIE MISSIE**

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

### **SLUIT BY ONS AAN**

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

[INFO@LOVEGODGREATLY.COM](mailto:INFO@LOVEGODGREATLY.COM)

[LOVEGODGREATLY.COM](http://LOVEGODGREATLY.COM)




## SOAP

*Bybelstudiemetode*

**B**y Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daarvoor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).

*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N  
VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD  
IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF,  
EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*



In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**  
*Bybelstudiemetode*

**SOAP**  
WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP** / Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3  
**SCRIPTURE** / Skryf die Bybelverse vir vandag neer

*Openbaring 12:10*

*Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "hou het ons God die redding gebring, want is sy mag en koninkskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."*

*2 Tessalonisense 3:3*

*Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.*

**OBSERVATION** / Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer

*Harde stem, kragtig*

*Ons word daaglik aangekla - konstante stryd*

*Die Here sal my help, versterk en bewaar.*

*Hy is altyd daar.*

*Hy is konstant, 'n beskermmer in my lewe, bewaarder*

**S**  
**STAAN VIR**  
**SCRIPTURE**  
**(SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dit wat jy lees, neer te skryf!*

**O**  
**STAAN VIR**  
**OBSERVATION**  
**(WAARNEMING)**

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*

*Watter woorde staan vir jou uit?*

**A**  
**STAAN VIR**  
**APPLICATION**  
**(TOEPASSING)**

*Dit is waar God se  
Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir  
jou? Hoe kan jy dit wat  
jy nou net gelees het,  
toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge  
moet jy maak? Is daar  
iets wat jy moet doen?*

**APPLICATION / Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer**

---

*Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets  
anders.*

---

*Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie  
week.*

---

*Vra God om my geloof in Hom te versterk.*

---

*Vertrou God dat Hy my van die losse sal bewaar.*

---

*Bid vir my broers en susters in Christus.*

---

---

---

---

---

---

**PRAYER / Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het**

---

*Oorlees Here,*

---

*Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help  
my om daaglikse en deur moeilike tye my vertroue en geloof in  
U te verdiep.*

---

*Helps my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.*

---

*Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in  
hul groei te bemoedig.*

---

*Ek vra dit allet in Jesus se naam.*

---

*Amen.*

---

---

---

---

---

---

33

**P**  
**STAAN VIR PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar  
het tydens hierdie tyd in sy  
Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe  
geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

GETUIENIS

LGG Litauer tak

Ek glo dat mense graag in beheer wil wees van alles wat in ons lewens gebeur. Ons voel veilig wanneer ons kan weet van dinge waarvan ons nie hou nie, dit kan verstaan en kan verander. Ek hou daarvan om alles in orde en onder beheer te hou.

...OM TE SIEN HOE MY HART  
VERANDER HET, WAS DIE  
MEES KOSBARE GESKENK.

Ek is gebore in 'n Christen familie en het as 'n kind al die Christelike waarhede geleer. Soos ek grootgeword het, het ek egter besef dat sommige waarhede so moeilik is om na te volg. Ek het byvoorbeeld met my hele hart geweet dat ek God moet vertrou en dinge moet laat gaan. Om sekere dinge te laat gaan was makliker, terwyl ek baie met ander gesukkel het. Wat vir my die moeilikste ding was om te laat gaan was om te verstaan wie en wat ek was. Ek het gevoel dat ek in beheer was wanneer ek dit self kon definieër. As ek nou terugkyk, besef ek dat ek so baie dinge oor myself gehoor het en

dat ek so baie name genoem is, dat dit by my gebly het en my identiteit geword het.

Meeste van my pogings om myself te verander en om 'n beter mens te word, was vrugtelos. Ek het op die punt gekom waar ek moes erken dat ek nie regtig in staat was om myself te verander nie. Ek het God gevra om my te help. Ek het gebid dat Hy my moet verander deur my te maak soos Hy van die begin af wou hê ek moes wees. Ek het die begrip van wie ek was laat gaan en God gevra om my te vorm, om my hart te verander en om alles wat seer of gebroke was, te herstel. Hy het dit gedoen. Hy het baie dinge vir my gedoen, maar om te sien hoe my hart verander het, was die mees kosbare geskenk. Die prys wat ek moes betaal was om my eie begrip en die stemme van die verlede wat probeer het om my te definieër, te laat gaan. Nou weet ek dat ek is wie Hy sê ek is.

*Mosta*  
LGG Litauer tak

HOOGTEPUNTE VAN ONS  
WÊRELDWYE BEDIENING

**WÊRELDWYE BEDIENING**

*LGG Litauer tak*

KEN JY IEMAND WAT ONS LOVE GOD GREATLY  
BYBELSTUDIES IN LITAUS KAN GEBRUIK?

Indien wel, laat hulle weet van al die wonderlike  
Bybelstudiehulpbronne wat ons bied om hulle  
te help toerus met God se Woord!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Instagram: [lovegodgreatlylt](#)

Facebook: [lgglietuva](#)

Email: [ask@lovegodgreatly.com](mailto:ask@lovegodgreatly.com)

Website: [lithuanian.lovegodgreatly.com](http://lithuanian.lovegodgreatly.com)

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

- Skep weë vir die LGG span om vroue in Litaue te bereik
- Wysheid vir die volgende stappe in die bediening
  - Groei van die LGG span

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

[info@lovegodgreatly.com](mailto:info@lovegodgreatly.com)



## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Rom. 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

### *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

### *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,

Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.

Amen.

### *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by [info@lovegodgreatly.com](mailto:info@lovegodgreatly.com). Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

**OORWINNING  
OOR BEPROEWINGS**

*'n Studie van 1 & 2 Petrus*





## *Inleiding*

### **WIE WAS PETRUS?**

Petrus was 'n passievolle en toegewyde dissipel, 'n "ooggetuie van die lyde van Christus" (1 Petrus 5:1). Petrus, wat eens op 'n tyd 'n eenvoudige visserman was, het 'n sleutel leier in die vroeë Christelike kerk geword. Daar word dikwels na hom verwys as die "rots" waarop Jesus sy kerk gebou het (Matteus 16:18). Petrus het die lewe geleef saam met Jesus. Hy het Christus se wonderwerke eerstehands ervaar en is toevertrou met die sleutels tot die koninkryk. Petrus het die hoogte- en laagtepunte van die navolging van Christus aanskou. Deur sy briewe herinner Petrus ons daaraan dat ons ook uitverkies, geliefd en geroep is tot 'n doel bo ons begrip. As jy al ooit onvolmaak gevoel het of foute in jou Christelike lewenswandel gemaak het, sal jy 'n verwante sielsgenoot in Petrus vind. Hy het ook sy oomblikke van twyfel en ontkenning gehad, maar hy was nogsteeds innig geliefd en op buitengewone maniere deur God gebruik, en jy kan ook wees.

### **DIE DOEL VAN DIE BRIEWE**

Petrus het hierdie briewe geskryf, met die inspirasie van die Heilige Gees, tydens uitdagende tye vir vroeë Christene. vervolging was aan die toeneem, en gelowiges het toenemende druk van die samelewing ondervind. Valse leraars het ook probeer om die kerk te verdeel en op 'n dwaalspoor te lei. Deur sy twee briewe het Petrus probeer om die vroeë Christene aan te moedig en op te bou, hulle te herinner aan hulle goddelike roeping, en leiding te bied in die navigasie van die stryd en beproewings wat hulle in die gesig gestaar het.

### **1STE PETRUS**

Hierdie brief is 'n opregte boodskap van hoop en veerkragtigheid. Petrus praat oor ons hemelse erfenis, die belangrikheid daarvan om vas te staan in geloof te midde van lyding, en die rol wat elke gelowige het in die groot tapisserie van God se koninkryk. Jy sal temas vind van blywende liefde, genade en die transformerende krag van Christus se offer.

### **2DE PETRUS**

In Petrus se tweede brief beklemtoon hy die belangrikheid van onderskeidingsvermoë en om gegrond te bly in die waarheid. Hy waarsku teen dwaalleraars en herinner gelowiges om te groei in hul kennis en verhouding met Jesus. Hierdie brief is 'n oproep tot aksie wat ons aanspoor om vas te staan, dieper in ons geloof te groei en altyd gereed te wees vir Christus se wederkoms.

Hoewel dit eeue gelede geskryf is, spreek beide briewe steeds tot ons hedendaagse uitdagings, stryd en hoop. Hulle is 'n herinnering aan God se blywende liefde, die belangrikheid van standvastige geloof en die belofte van die ewige lewe.

Vandag, selfs terwyl die samelewing verander en uitdagings die hoogte in skiet, bly Petrus se insigte 'n standvastige anker wat ons deur ons geloofsreis lei. So, liewe vriendin, kom ons delf diep in die hart van Petrus se briewe in terwyl ons hierdie 6-week lange studie aanpak. Kom ons ontdek saam die transformerende krag van God se Woord terwyl ons dit in ons lewens utoeleef.

Merk  
dit af

## LEESPLAN

### WEEK 1

- *Maandag / Ons Lewende Hoop In 'n Vreemde Land*  
Lees: 1 Petrus 1:1-5  
SOAP: 1 Petrus 1:3-4
- *Dinsdag / Gelouter Deur Vuur*  
Lees: 1 Petrus 1:6-12  
SOAP: 1 Petrus 1:7
- *Woensdag / Afgesonder In Liefde*  
Lees: 1 Petrus 1:13-16  
SOAP: 1 Petrus 1:14-16
- *Donderdag / Dit Was Van Die Begin Af Beplan*  
Lees: 1 Petrus 1:17-21  
SOAP: 1 Petrus 1:20-21
- *Vrydag / Wees Innig Lief Vir Mekaar*  
Lees: 1 Petrus 1:22-25  
SOAP: 1 Petrus 1:24-25

### WEEK 2

- *Maandag / Voed Jou Siel*  
Lees: 1 Petrus 2:1-3  
SOAP: 1 Petrus 2:1-2
- *Dinsdag / In Christus Uitverkies*  
Lees: 1 Petrus 2:4-10  
SOAP: 1 Petrus 2:9
- *Woensdag / Voeg Die Daad By Die Woord*  
Lees: 1 Petrus 2:11-12  
SOAP: 1 Petrus 2:11-12
- *Donderdag / Vrees God En Eer Die Koning*  
Lees: 1 Petrus 2:13-17  
SOAP: 1 Petrus 2:15-16
- *Vrydag / Lyding In Pas Met Die Verlosser*  
Lees: 1 Petrus 2:18-25  
SOAP: 1 Petrus 2:22-23

### WEEK 3

- *Maandag / Kweek Skoonheid Uit Die Hart*  
Lees: 1 Petrus 3:1-7  
SOAP: 1 Petrus 3:3-4
- *Dinsdag / Soek Vrede Te Midde Van Opposisie*  
Lees: 1 Petrus 3:8-14  
SOAP: 1 Petrus 3:10-12
- *Woensdag / Gereed Om Te Praat*  
Lees: 1 Petrus 3:15-22  
SOAP: 1 Petrus 3:15-16
- *Donderdag / Wees 'n Rentmeester Vir Die Evangelie*  
Lees: 1 Petrus 4:1-6  
SOAP: 1 Petrus 4:5-6
- *Vrydag / Laat Liefde Jou Lei In Alles Wat Jy Doen*  
Lees: 1 Petrus 4:7-11  
SOAP: 1 Petrus 4:10-11

### WEEK 4

- *Maandag / Navigeer Lyding Doelgerig*  
Lees: 1 Petrus 4:12-19  
SOAP: 1 Petrus 4:12-13
- *Dinsdag / Werp Jou Sorge Op Hom*  
Lees: 1 Petrus 5:1-7  
SOAP: 1 Petrus 5:6-7
- *Woensdag / Wees Gereed. Wees Bestendig.*  
Lees: 1 Petrus 5:8-9  
SOAP: 1 Petrus 5:8-9
- *Donderdag / Doel in Lyding*  
Lees: 1 Petrus 5:10-11  
SOAP: 1 Petrus 5:10-11
- *Vrydag / Jou Verhaal Tot Sy Eer*  
Lees: 1 Petrus 5:12-14  
SOAP: 1 Petrus 5:12

## WEEK 5

- *Maandag / Lewe En Goddelikheid Deur Christus*  
Lees: 2 Petrus 1:1-4  
SOAP: 2 Petrus 1:3
- *Dinsdag / Karakter Wat Heilig Maak En In Stand Hou*  
Lees: 2 Petrus 1:5-11  
SOAP: 2 Petrus 1:8
- *Woensdag / Onthou En Herhaal*  
Lees: 2 Petrus 1:12-15  
SOAP: 2 Petrus 1:12
- *Donderdag / Dit Is Nie Net 'n Verhaal Nie*  
Lees: 2 Petrus 1:16-18  
SOAP: 2 Petrus 1:18
- *Vrydag / Gegronde In die Woord Van God*  
Lees: 2 Petrus 1:19-21  
SOAP: 2 Petrus 1:20-21

## WEEK 6

- *Maandag / Standvastig In Sy Beskerming*  
Lees: 2 Petrus 2:1-10  
SOAP: 2 Petrus 2:9
- *Dinsdag / Regverdigheid Begin Met Nederigheid*  
Lees: 2 Petrus 2:11-16  
SOAP: 2 Petrus 2:15
- *Woensdag / Vryheid In Waarheid*  
Lees: 2 Petrus 2:17-22  
SOAP: 2 Petrus 2:19
- *Donderdag / Die Geduld Van God Se Tydsberekening*  
Lees: 2 Petrus 3:1-10  
SOAP: 2 Petrus 3:9
- *Vrydag / Lewe In Verwagting En Groei In Genade*  
Lees: 2 Petrus 3:11-18  
SOAP: 2 Petrus 3:14-15

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

*TWEE*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

*DRIE*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Julle geloof is baie  
kosbaarder as goud,  
goud wat vergaan.  
Selfs die suiwerheid  
van goud word met vuur  
getoets, en die egtheid  
van julle geloof moet  
ook getoets word, sodat  
dit lof en heerlikheid  
en eer waardig mag  
wees by die wederkoms  
van Jesus Christus.

*1 Petrus 1:7*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Identifiseer een huidige beproewing of uitdaging in jou lewe. Wy jouself daaraan toe om daaglik te bid en vra dat God jou genade en krag sal gee. Reik ook uit na 'n vriend of 'n mentor wat jy vertrou, deel jou worsteling en vra hul vir gebede en bemoediging.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## LEES

*Week 1 • Maandag*

### *1 Petrus 1:1-5*

Van Petrus, 'n apostel van Jesus Christus. Aan die uitverkorenes van God, vreemdelinge in die wêreld, wat verspreid woon in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië. 2 Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees! 3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop 4 op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. 5 En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.







## DAGSTUKKIE

Week 1 • Maandag

### SOAP

1 Petrus 1:3-4

*Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.*

### OORDENKING

Maak nie saak wat ons vandag in die gesig staar nie, of dit nou beproewinge is wat ons harte soos ankers op die seabodem laat vasslaan, of berge van bekommernis wat onbeweeglik lyk ten spyte van ons volharding in geloof, ons kan nie vergeet wat ons het as gevolg van Jesus Christus nie. As gevolg van Christus het ons 'n nuwe geboorte in 'n lewende hoop ontvang ... 'n hoop wat nooit vervaag of eindig nie, maar met elke verbygaande dag, helderder en helderder word.

Wanneer ons Jesus as ons Verlosser aanneem, word ons identiteit getransformeer (2 Korintiërs 5:17), en ons hoop rus nie meer in die bewegende sand van hierdie wêreld nie. In plaas daarvan kom ons vertrou uit wat God vir ons gedoen het deur Jesus Christus se dood, begrafnis en opstanding. God gun ons in sy ongelooflike liefde die voorreg om sy dogters en mede-erfgename met Christus te wees (Romeine 8:17). Wat 'n ongelooflike erfenis het ons om na uit te sien! Terwyl ons deur hierdie lewe stap, is dit belangrik om te onthou dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie. Ons is soos vreemdelinge in 'n vreemde land.

Hierdie waarheid is nie net vertroostend nie; dit is bemagtigend. God het in sy onfeilbare genade en deur die werk van die Heilige Gees in ons lewens aan ons die krag gegee - en sal daagliks aan ons bly gee - om getrou te bly aan ons geloof, maak nie saak watter storms, beproewings of vervolgings mag kom nie. Ons weet God belowe nie 'n lewe sonder probleme nie, maar Hy verseker ons van sy hulp om daardeur te volhard. Ons is geanker, nie deur ons krag nie, maar deur sy liefde.

So, liewe vriendin, wanneer die druk van die lewe swaar op jou skouers weeg, lig jou oë op en kyk na Christus. Onthou die lewende hoop wat ons in Hom het. Terwyl die wêreld steeds om ons draai, onthou ons toekoms is veilig en onverganklik, maak nie saak wat oor ons pad kom nie. Kom ons klou vas aan hierdie lewende hoop, terwyl ons voortgaan om die uitdagings van vandag te trotseer. Onthou, ons is net reisigers wat deur hierdie wêreld beweeg na ons ewige tuiste (Filippense 3:20). Laat die hoop om vir ewig saam met Jesus in die hemel te wees, ons volharding aanwakker terwyl ons wag op sy glorieryke wederkoms.

### GEBED

Liewe Here Jesus, dankie vir die lewende hoop wat ons as gevolg van U het. Help ons om ons oë te vestig op die ewige erfenis wat ons by U het. Bemagtig ons asseblief om getrou en met vrymoedigheid as vreemdelinge in hierdie vreemde land te wandel terwyl ons gretig wag op die dag wat ons met U verenig is in ons ewige tuiste. Amen.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

### *1 Petrus 1:6-12*

Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings 7 sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. 8-9 Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap. 10 In verband met hierdie saligheid het die profete, wat die genade verkondig het wat vir julle bestem is, deeglik en noukeurig ondersoek ingestel. 11 Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word, en hulle het probeer naspour wat die tyd en die omstandighede sou wees wat die Gees bedoel het. 12 Aan hulle is geopenbaar dat wat hulle geprofeteer het, nie vir hulleself bedoel was nie, maar vir julle. Nou het dié wat die evangelie aan julle verkondig het, dit aan julle bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is. Dit is dinge waarin selfs engele begerig is om insig te kry.





## D A G S T U K K I E

*Week 1 • Dinsdag*

### SOAP

*1 Petrus 1:7b*

*Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.*

### O O R D E N K I N G

Wanneer ons ons lig vir Jesus helder laat skyn, moet ons nie verras word deur die beproewinge en lyding wat af en toe oor ons pad kom nie (Johannes 16:33). Trouens, Petrus herinner ons daaraan om hierdie beproewinge as geleenthede te sien – geleenthede om gelouter en meer na die beeld van Christus gevorm te word.

Ons beproewinge en stryd, hoewel pynlik, is gereedskap in die Meester se hande. Hulle louter ons, verbrand die onsuiverhede en versterk in die proses ons geloof. Dit is in hierdie oomblikke dat ons styf moet vashou en onthou dat God in beheer is. Wat Hy in ons lewens toelaat, kan en sal Hy tot ons uiteindelijke beswil rig (Romeine 8:28). God is die liefdevolle Vader wat belowe het om ons nooit te verlaat nie. Hy is reg daar by ons in ons moeilikste ure en donkerste dae. Sy Gees woon in ons om ons aan die waarheid te herinner en om ons helper te wees (Johannes 14:26).

Ek het eenkeer gelees dat Oosterse goudsmede goud in die oond sou hou totdat hulle hul weerkaatsing daarin kon sien. Wat 'n kragtige illustrasie van God se werk in ons! Hy gebruik die “oond” van ons lyding om ons te reinig totdat Hy die skoonheid van sy Seun se weerkaatsing in ons lewens kan sien.

Kom ons herinner onself daaraan dat ons beproewinge nie vir ewig is nie, slegs maar vir 'n seisoen. Dit het 'n begin en 'n einde. Deur hulle het ons die geleentheid om eer aan God te bring.

As jy jou vandag in 'n skroeiende oond van beproewinge vind, wees moedig. Vandag se beproewinge vorm jou vir môre se ewige, onvergelyklike heerlijkheid. Weet dat Jesus deur baie beproewinge gegaan het. Ons kan moed skep, want ons het 'n Verlosser wat deur dit alles verstaan en met ons is. Soos goud wat in die vuur gelouter is, bewys jou geloof, wanneer dit getoets word, die waarde daarvan, bring volharding voort en bring lof aan ons Here. So, te midde van die vuur, kom ons kies om met ewige oë te sien. Kom ons laat God toe om sy raffineringswerk in ons te doen, wetende dat hierdie tydelike seisoen, hoe moeilik dit ook al mag wees, ons voorberei vir 'n ewigheid saam met Hom.

### G E B E D

Liewe Here Jesus, te midde van ons beproewinge, help ons om u louterende hand raak te sien en ons stryd te verander in geleenthede om U te weerspieël. Skenk ons die genade om op u getrouheid te vertrou, met die wete dat vandag se swaarkry ons vorm vir môre se ewige heerlijkheid saam met U. Amen.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

### *1 Petrus 1:13-16*

Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. 14 As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. 15 Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. 16 Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.”





APPLICATION / Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

PRAYER / Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## DAGSTUKKIE

Week 1 • Woensdag

### SOAP

1 Petrus 1:14-16

*As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.”*

### OORDENKING

Die wete dat Jesus terugkom, behoort ons te motiveer om die dae wat ons gegun is, doelbewus vir Hom te lewe. Om dit prakties uit te leef, beteken om geestelik bedag te wees op hierdie diepgaande waarheid. Dit beteken om nie in vrees te leef nie, maar ook nie onverskillig te leef asof sy terugkeer onbelangrik is nie.

Terwyl die samelewing dikwels huiwer en debattee oor wat reg of verkeerd is, wat moreel of immoreel is, kan ons as volgelinge van Christus staande bly. Christus self het die standaard van moraliteit vir ons gestel. Dis nie vir ons om te kies nie. Petrus se boodskappe aan die vroeë kerk is dus vandag net so relevant vir ons as vir hulle: moenie toegee aan die bese begeertes wat jou eens versoek het nie. Hoewel ons almal as Christene konstant met versoeking sal worstel, kan ons daardie drange weerstaan deur Christus wat in ons is (Romeine 6:14). Christus is die rede waarom ons nie meer slawe van ons vorige sondige weë is nie. Christus is die rede waarom ons meer as oorwinnaars is (Romeine 8:37-39).

Hierdie waarheid maak dat Petrus ons kan aanmoedig om heilig te wees soos God heilig is. Dat God wil hê ons moet “heilig” wees is ‘n uiters hoë roeping. Hy begeer dat ons moet toeneem in ons toewyding aan Hom, sowel as ons liefde vir ander mense. Hy begeer dat ons ons lewens afgesonder moet leef, in gehoorsaamheid aan Hom, en onderskei van die wêreld se sondes van selfsug en trots. Hy begeer dat ons Hom moet liefhê, gehoorsaam en eer, omdat Hy ons eerste liefgehad het en sy Seun vir ons gegee het.

Ons sal spoedig beseft dat ons nie in staat is om Hom lief te hê of te gehoorsaam soos ons veronderstel is nie. Dit is egter belangrik om onself daaraan te herinner dat ons nooit alleen is op hierdie reis nie. Die Heilige Gees sal ons in staat stel, lei, oortuig en wysheid gee wanneer ons op God se genade vertrou en op sy krag staatmaak. Laat ons elke dag vir God vra om ons met sy liefde te vul, sodat sy pragtige beeld al hoe helderder in ons lewens weerspieël sal word. Jesus verlang dat ons Hom meer en meer moet ken en in volkome afhanklikheid van sy krag wat in ons werk, lewe. En terwyl ons dit doen, verlang ons na die dag wanneer ons uiteindelik heilig en van aangesig tot aangesig met ons Verlosser sal wees.

Wanneer vorige sondes probeer insluip of huidige versoekings jou beproef, herinner jouself daaraan om nader na Jesus te leun. Dit is sy krag, nie ons s’n nie, wat die oorwinning bring.

### GEBED

Liewe Heer, help ons om lewens te lei wat vir U afgesonder is, gemotiveer deur ons diep en blywende liefde. Terwyl ons met vreugde Jesus se wederkoms verwag, bemagtig ons met u krag en genade om lewens te lei wat Christus aan diegene rondom ons weerspieël. Amen.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

### *1 Petrus 1:17-21*

Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy daade oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld. 18 Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. 19 Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. 20 Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom. 21 Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlikheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.



**SOAP**

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP / 1 Petrus 1:20-21**

**SCRIPTURE / Skryf die Bybelverse vir vandag neer**

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

**OBSERVATION / Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer**

---

---

---

---

---

---

---



## D A G S T U K K I E

Week 1 • Donderdag

### SOAP

1 Petrus 1:20-21

*Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom. Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.*

### O O R D E N K I N G

Is dit nie wonderlik om te besef dat Christus se offer vir ons sondes nie 'n nagedagte of plan B was nie? Voordat die eerste ster in die lug gehang het, het God 'n plan beraam. Dit was nie 'n laaste-minuut gedagte nie, eerder sy hartsbegeerte van die begin af. Voordat die wêreld begin het, het God ons reeds in gedagte gehad (Efesiërs 1:4), en Hy het geweet hoe alles sou begin en eindig.

Lank voordat Adam en Eva hulle eerste asemteug geneem het, het God geweet wat sy plan Hom sou kos. Die Skepper van alles het 'n reddingsending opgestel om jou en my van ons sondes te red. Hy het ons nie net van die straf van ons sondes gered nie, maar ook van die mag van sonde.

Petrus skryf hier dat ons “losgekoop” is van die “sinlose bestaan” wat van ons voorvaders geërf is (1 Petrus 1:18), wat beteken dat Jesus die prys betaal het om ons vry te koop van 'n wêreldse lewe. Hy het betaal met die waardevolste ding in die heelal: Sy eie bloed. Hy het ons heiligheid gekoop - ons heilige manier van lewe - om seker te maak dat alle ware Christene in staat sal wees om in God se weë te wandel. Daarom is die enigste weg na God deur Jesus. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe, en die enigste manier waardeur 'n mens gered kan word (Johannes 14:6).

Jesus is dus nie net die enigste manier om met God versoen te word nie – Hy is ook die enigste Een deur wie ons geheilig kan word. Jesus kan ons help om ons diepliggende sonde te oorkom. Hy het ons gekoop. Ons is Syne, en Hy sal aanhou skaaf aan ons totdat ons eendag volmaak is in die hemel. Soos die apostel Paulus skryf in Efesiërs 2:10, “Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

### G E B E D

Liewe Here Jesus, dankie dat U bereid is om u lewe van die begin af af te lê. Dankie vir u liefdevolle gehoorsaamheid wat U na die kruis gelei het. Wys my asseblief my sondes en gee my die genade en krag om dit deur u bloed te oorwin. Amen.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

### *1 Petrus 1:22-25*

Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveer lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. 23 Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God. 24 Die Skrif sê: “Die mens is soos gras, en al sy prag soos ‘n veldblom; die gras verdor en die blom val af, 25 maar die woord van die Here, dít bly vir ewig.” En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.



**S O A P**

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP** / *1 Petrus 1:24-25*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---



## DAGSTUKKIE

Week 1 • Vrydag

### SOAP

1 Petrus 1:24-25

*Die Skrif sê: “Die mens is soos gras, en al sy prag soos ‘n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dit bly vir ewig.” En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.*

### OORDENKING

Het jy al ooit nagedink oor die diepte van jou liefde vir ander? In 1 Petrus 1:22-25 word ons aangespoor om mekaar innig, van harte lief te hê. Dit is nie ‘n oppervlakkige of voorwaardelike liefde nie, maar eerder ‘n opregte, onbaatsugtige liefde wat die liefde van Christus weerspieël.

As ons opreg en onbaatsugtig wil liefhê, soos Christus, moet ons van onself wegkyk. In plaas daarvan om te vra: “Wat kan ander vir my doen?” moet ons liever vra, “Hoe kan ek ander in my lewe meer liefhê?” Hierdie fokusverskuiwing van die self na ander is transformerend. Dit is waar die saad van om lief te hê soos Christus, geplant en gevoed word. Vir so baie mense gaan liefde hoofsaaklik oor ‘n gevoel, maar dit is nie. Jy kan steeds kies om iemand lief te hê al voel jy geen liefde vir hulle nie. Christelike liefde is nie in hoofsaak ‘n kwessie van gevoelens nie, maar eerder ‘n kwessie van die wil. Ons wys vir ander dat ons hulle liefhet deur ons optrede teenoor hulle (Johannes 13:35).

Dit is egter moeilik om ander regtig lief te hê as ons nie ons lewens onderwerp aan wat God se Woord sê nie. Wanneer ons God se Woord lees, sien ons Jesus se voorbeeld en leer die belangrikheid daarvan om ander opreg lief te hê. Ons het lief omdat Christus ons liefhet. Ons leer wat dit is om soos Christus lief te hê deur sy Woord te bestudeer en te gehoorsaam. In ‘n wêreld waar alles so verbygaande en vlietend lyk, staan God se Woord in skrilte kontras. Dit is lewend, aktief, en sal vir ewig bestaan (Hebreërs 4:12; Matteus 24:35).

Waar in ons lewens belê, maak dus wel saak. Dit is belangrik om te onthou dat ons prestasies, rykdom, en materiële besittings nie in die groot plan van die ewigheid gaan hou nie. Hierdie dinge is tydelik, en verwelk soos ‘n delikate blom onder ‘n skroeiende son. Maar God se Woord sal nie verwelk nie. Wat Hy ook al sê, sal standhou – en dit is deur hierdie Woord dat ons nuut gemaak is. Ons kan vol vertroue wees dat ons nuwe lewe in Christus vir ewig sal duur.

Soos ons streef om soos Jesus te lewe en lief te hê, onthou dit begin by ons harte. Ons is kanale van sy liefde, genade en waarheid na ‘n wêreld in desperate nood. Het ons ander lief soos Christus ons liefhet? Die goeie nuus is dat ons nie die liefde in ons eie krag hoef bymekaar te skraap nie. Ons kan God vra om ons elke dag opnuut met sy liefde te vul sodat ons dit op ander kan uitstort en ons lewens belê in die dinge wat regtig vir die ewigheid saak maak...mense en God se Woord! Daarom streef ons by Love God Greatly daarna om God se Woord in soveel tale as moontlik en in soveel hande as wat God ons gun, te kry.

### GEBED

Dierbare Here Jesus, vul ons harte met onbaatsugtige liefde sodat ons dit op ander kan uitstort en ewige beleggings maak deur u Woord te koester. Help ons om weg te kyk van onself en die geleenthede raak te sien wat U oor ons pad bring om innig lief te hê en te leef vir wat werklik blywend is. Amen.

# OORDENKING

Week 1

1. *Wat is 'n paar maniere waarop jy jou fokus kan verskuif van die probleme van hierdie wêreld na die lewende hoop en ewige erfenis wat jy in Christus het?*

.....  
.....  
.....

2. *Hoe kan jy jou huidige beproewinge eerder sien as geleenthede om vertrouwe en/of verfyning te verdiep, om God toe te laat om jou meer na die gelykenis van Christus te vorm? Hoe kan hierdie perspektief die manier verander waarop jy die lewe se beproewinge verduur en daarop reageer?*

.....  
.....  
.....

3. *Hoe kan ons 'n lewe kweek wat afgesonder en aan God toegewy is in ons daaglikse roetines? Hoe kan dit lyk?*

.....  
.....  
.....

4. *Hoe kan jy begin om daaglik belydenis van sondes en dankbaarheid vir Christus se betaling vir jou sondes te beoefen?*

.....  
.....  
.....

5. *Hoe kan jy jou daaglikse skedule en prioriteite aanpas om meer tyd in God se Woord te spandeer en te belê in die dinge wat 'n blywende, ewige impak het?*

.....  
.....  
.....

Julle, daarenteen, is  
'n uitverkore volk, 'n  
koninklike priesterdom,  
'n nasie wat vir God  
afgesonder is, die  
eiendomsvolk van  
God, die volk wat  
die verlossingsdade  
moet verkondig van  
Hom wat julle uit die  
duisternis geroep het  
na sy wonderbare lig.

*1 Petrus 2:9*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Wees hierdie week veral bedag op die boodskappe wat jy inneem, hetsy dit sosiale media, boeke of selfs toevallige gesprekke is. Maak aan die einde van elke dag 'n geleentheid om daaroor na te dink en skryfenige boodskap of lering wat in stryd was met die Woord van God, neer. Doen navorsing hieroor in die lig van die Skrif en bid vir onderskeidingsvermoë om waarheid van misleiding te onderskei.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## LEES

*Week 2 • Maandag*

### *1 Petrus 2:1-3*

Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterary. 2 Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. 3 Julle het immers ondervind dat die Here goed is.

**S O A P**

*Week 2 • Maandag*

**SOAP** / *1 Petrus 2:1-2*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---



APPLICATION / Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer

---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---

PRAYER / Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het

---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---



---

## D A G S T U K K I E

Week 2 • Maandag

### SOAP

1 Petrus 2:1-2

*Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterary. Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelik melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry...*

### O O R D E N K I N G

Net soos 'n pasgebore baba melk nodig het om te groei en ontwikkel, het 'n Christen die regte soort voeding nodig. Wanneer babas gebore word, kan hulle nie veel vir hulleself doen nie. Maar hulle weet vir seker hoe om vir melk te vra! Niemand van ons wat al pasgeborenes gehad het, sal daardie deurdringende gehuil vergeet of hoe hard hulle kan suig totdat hulle dors geles is nie. Niks anders sal hulle bevredig wanneer hulle honger is nie.

Hoe is jou aptyt na God se Woord deesdae? Dit gaan nie net daarvoor om die Skrif te lees nie; dit gaan daarvoor om toe te laat dat God se Woord ons siele voed en ons lewens vorm (2 Timoteus 3:16-17). As 'n baba nie skree vir melk nie, weet ons iets ernstigs is fout. Die kenmerk van 'n gesonde baba is 'n gesonde eetlus, net soos 'n gesonde Christen gekenmerk word deur 'n honger na die lewegewende Woord van God

Ons geestelike dieet het 'n diepgaande invloed op hoe ons leef. Wat ons inneem, beïnvloed waarna ons smag. As ons skadelike dinge inneem, kan dit ons geestelike gesondheid en aptyt vergiftig. Dit is waarom Petrus vir ons die opdrag gee om van alle bedrog, huigelary, afguns en kwaadpraterary ontslae te raak. Dit is asof Petrus ons aanraai om ons "geestelike yskaste" skoon te maak en wat bedorwe is te vervang met wat goed en lewegewend is.

Onthou jy die gesegde "Jy is wat jy eet"? Wel, dit is geestelik ook waar. Dit is waarom ons aangespoor word om nie net God se Woord te lees nie, maar ook die leringe daarin te geniet en te verteer (Matteus 4:4). Namate ons groei in ons geloof, moet ons dieet ook saam met ons aanpas en verander. Dit is nie 'n passiewe proses nie. Dit verg 'n doelgerigte optrede van ons kant om 'n dieper honger na God se Woord aan te wakker – 'n honger wat al hoe groter word namate ons probeer om daagliks meer soos Jesus te word (Kolossense 2:6-7).

Bestee vandag tyd om te bepaal hoe groot jou geestelike aptyt is. Smag jy so sterk na God se Woord dat jy bereid is om ander (soms goeie) dinge prys te gee om tyd saam met Hom deur te bring? Delf dieper in God se Woord en laat dit jou hart, jou gedrag en jou begeertes vorm. Neem die groei wat God vir jou in die vooruitsig gestel het met ope arms aan en geniet die ryk en volgehoue dieet van sy Woord.

### G E B E D

Dierbare Here Jesus, help ons om 'n groeiende aptyt na u Woord te ontwikkel. Help ons om te smag na die diep, ryk waarhede van u Woord sodat ons meer soos U kan wees. Amen.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

### *1 Petrus 2:4-10*

Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 5 Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. 6 Daarom staan daar in die Skrif: “Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.” 7 Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword” 8 en: “'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp.” Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem. 9 Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. 10 Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

**SOAP**  
*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP** / *1 Petrus 2:9*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

Onthou, jy is nie alleen in hierdie stryd nie. Gelowiges regoor die wêreld is in hierdie stryd met jou. Saam, Deur vas te staan in geloof, kan ons saam die duiwel en sy vernietigende planne weerstaan.

### GEBED

Liewe Here Jesus, dankie dat U my toerus om vas te staan teen die vyand se aanvalle. Maak my altyd bewus van sy planne en laat ek my vinnig na U Woord en gebed wend vir verdediging. Help my om U op u Woord te neem sodat ek die vyand kan weerstaan. Amen.



## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*1 Petrus 5:10-11*

God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. 11 Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.





## DAGSTUKKIE

Week 4 • Donderdag

### SOAP

*1 Petrus 5:10-11*

*God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.*

### OORDENKING

Te midde van ons lyding is dit belangrik om dit te onthou: daar is beide 'n beginpunt en 'n eindpunt vir ons pyn. Dit sal nie vir ewig duur nie. In vergelyking met die ewigheid wat op ons wag, is hierdie lyding maar 'n vlietende oomblik. Petrus herinner ons sagkens aan hierdie waarheid, dat ons huidige lyding “vir 'n rukkie” is.

Ongeag die intensiteit van ons beproewings, ons het 'n onwrikbare hoop as dogters van Christus. Stel jou die dag voor wanneer al ons pyn net 'n herinnering is en ons ewigheid vol vreugde in die teenwoordigheid van ons Here is.

Ons God, die Outeur van oneindige genade, is nie net met ons in ons huidige stryd nie, maar het genade in ons ewige verhaal ingeëts. Hy het ons liefdevol geroep om saam met Christus in sy heerlikheid te deel.

Laat ons dus in ons lyding nie die goddelike transformasie wat in ons werk, miskyk nie. God, in sy genade, vorm ons karakter, en louter ons vir dieper diens aan Hom. Hy belowe om ons te herstel. Liewe vriend, moenie dat jou gebrokenheid of pyn jou terughou van sy liefdevolle omhelsing nie. Hy sal ons bevestig en alles voorsien wat ons nodig het om sy roeping op ons lewens te vervul. En ons is nooit alleen hierin nie; God ontmoet ons altyd presies waar ons is, en rus ons toe met presies wat ons nodig het. God sal ons ook vestig en ons harte en gedagtes gegrond hou soos ons sy Woord lees. Hy sal ons deur sy Woord beskerm en ons die onderskeidingsvermoë gee om teen die misleidings van valse leerstellings te veg en dit te weerstaan.

Elke greintjie van hierdie krag en elke draadjie van hierdie genade ontstaan en eindig in Hom. So hou moed, God het sy oë op jou. Jou lyding het 'n beperking en 'n groter doel. Alhoewel dit dalk moeilik is om op hierdie oomblik te sien, niks van jou sal vermors word nie. God laat toe dat hierdie beproewing jou louter en jou meer na die beeld van Jesus vorm. Maak egter geen fout nie, dit sal eindig, en die heerlikheid van die hemel wag. Volhard. Hou vas aan Jesus, en volhard. Die beste lê nog voor!

### GEBED

Liewe Here Jesus, te midde van my pyn, anker my hart aan die belofte dat my lyding net kortstondig is in vergelyking met die ewige heerlikheid wat U my voorgehou het. Vorm my meer na u beeld tydens hierdie seisoen. Herstel, bevestig en versterk my. In alles, mag U verheerlik word. Amen.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

### *1 Petrus 5:12-14*

Silvanus, wat na my mening 'n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas! 13 Die gemeente in Babilon, 'n uitverkore gemeente net soos julle, asook Markus, my seun, stuur vir julle groete. 14 Groet mekaar met 'n soen van Christelike liefde. Vrede vir julle almal wat in Christus is!





## D A G S T U K K I E

Week 4 • Vrydag

### SOAP

1 Petrus 5:12

*Silvanus, wat na my mening 'n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!*

### O O R D E N K I N G

Ongeag wanneer en waar ons woon, ons het almal woorde van bemoediging nodig. Petrus het die vroeë Christene doelbewus aangemoedig en getuienisse met hulle gedeel wat gehelp het om hul geloof te versterk.

In elke generasie is gelowiges geseën met unieke getuienisse van God se genade – verhale van sy onfeilbare liefde, verlossingskrag en onderhoudende genade. Jou getuienis is geen uitsondering nie. God het 'n pragtige getuienis in jou lewe ingeweef, wat sy goedheid, liefde en genade deur elke hoofstuk wys. Petrus het as apostel die unieke voorreg gehad om God te sien werk in en deur baie mense wat besig was om die vroeë kerk op te bou. Hy het van hierdie individue gepraat om ander gelowiges te onderrig en aan te moedig. Ons kan ook ander uitdaag en bemoedig deur getrou ons getuienisse te deel. Stel jou net voor watter impak jou getuienis kan hê as dit openlik gedeel word. Dit kan die getuienis wees wat iemand moet hoor wat hulle aanmoedig om aan te hou en styf aan Jesus vas te hou.

Liewe vriend, volg dus in Petrus se voetspore en laat jou woorde die geloof van medegelowiges ophef en opbou. Net soos Petrus se tydlose woorde steeds ons geloofsreis inspireer, kan jou gedeelde getuienisse, aangebied met 'n oop hart, saadjies van geloof plant wat in die siele van toekomstige geslagte floreer.

### G E B E D

Liewe Here Jesus, dankie vir die pragtige nalatenskap van bemoediging wat in u Woord ingebed is. Help my om vas te staan in u waarheid en my eie verhaal en getuienis van u liefde en genade te gebruik om ander in hulle geloof te versterk. Amen.



# OORDENKING

Week 4

1. *Hoe kan jy jou perspektief op die beproewings wat jy in die gesig staar verander, deur dit nie as laste te beskou nie, maar as aanwysers dat jy 'n impak vir God maak? Hoe kan hierdie ingesteldheid jou hart voorberei vir die vreugde wat met Christus se wederkoms sal kom?*

.....

.....

.....

2. *In watter areas van jou lewe sukkel jy om beheer oor te gee en God te vertrou? Hoe kan jy hierdie week nederigheid beoefen deur jou laste op Hom te werp?*

.....

.....

.....

3. *Watter spesifieke Skrifgedeelte kan jy hierdie week memoriseer om jouself te bewapen teen die onvermydelike aanvalle van die vyand?*

.....

.....

.....

4. *Hoe kan jy in die huidige seisoen van jou lewe doelbewus jou fokus verskuif van jou pyn, na God se beloftes van herstel en die vreugde van 'n ewigheid saam met Hom?*

.....

.....

.....

5. *Wie in jou lewe kan bemoedig word deur jou getuienis te hoor? Hoe kan jy hierdie week met vrymoedigheid jou verhaal van God se genade deel en 'n suster in Christus aanmoedig?*

.....

.....

.....

*Sy Goddelike  
krag het ons alles  
geskenk wat ons  
nodig het om te  
lewe en Hom te  
dien. Dit kom  
deurdadig ons  
Hom ken wat ons  
geroep het deur sy  
heerlikheid en mag.*

*2 Petrus 1:3*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Fokus hierdie week op die waarheid dat God reeds alles voorsien het wat jy nodig het vir 'n goddeike lewe. Identifiseer dan 'n area in jou lewe waar jy dalk in jou krag streef, eerder as om op God se Goddelike krag staat te maak. Skryf dit neer en bid daarvoor. Soek in die Bybel vir beloftes of waarhede wat tot daardie area spreek. Neem dan 'n oomblik om dit aan God oor te gee en vertrou op sy krag om jou toe te rus en te onderhou.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## LEES

*Week 5 • Maandag*

### *2 Petrus 1:1-4*

Van Simon Petrus, 'n dienaar en apostel van Jesus Christus. Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het. 2 Mag daar vir julle genade en vrede in oorfloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here! 3 Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4 Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.





## DAGSTUKKIE

Week 5 • Maandag

### SOAP

2 Petrus 1:3

*Ek kan dit bid omdat sy goddelike krag ons alles geskenk het wat nodig is vir lewe en godsvrug deur die ryk kennis van die een wat ons geroep het deur sy eie heerlijkheid en uitnemendheid.*

### OORDENKING

Wat 'n wonderlike belofte wat ons in hierdie verse vind, dat God as Christene vir ons “alles gegee het wat nodig is vir lewe en godsvrug”. Ons kan nie een van hierdie dinge deur ons eie krag voortbring nie, dit moet deur goddelike krag aan ons gegee word. Wanneer ons aan Christus behoort, sal God se krag in ons lewe vloei om ons meer goddelik te maak. Petrus vertel ons dat die lewe en godsvrug wat ons as Christene nodig het, afkomstig is van kennis, naamlik kennis “van die een wat ons geroep het.”

Net soos 'n pasgeborene elke sel en geen besit om volwasse te word, maar eers tyd, voeding en liefde benodig, so het ons ook die geestelike DNA in ons om volwasse te word in ons geloof. Nadat ons weet wie Jesus is en wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het, leer ons Hom beter ken en verdiep ons vertroue in sy kosbare beloftes (2 Petrus 1:4). Dit is dan dat ons as Christene volwasse sal word omdat God se goddelike krag voortgaan om in ons lewens te vloei.

Net soos 'n kind nie besluit om te groei nie, maar dit bloot onder die regte omstandighede doen, is ons geestelike groei nie deur ons eie mag nie. Dit is die werk van God in ons. Hy het vir ons elke hulpbron gegee vir geestelike volwassenheid. Ons deel is om in te leun en oor te gee, onself in sy waarhede te verdiep en sy proses te vertrou. Soos ons verhouding met God groei, so sal ons geloof ook toeneem.

Kom ons leer meer van Jesus se “heerlikheid en uitnemendheid” (2 Petrus 1:3) namate ons leer om God se wonderlike beloftes, wat Hy vir ons, sy kinders, beskikbaar gestel het, te oordink en daarop te vertrou. Die pad van geestelike volwassenheid lyk dalk lank en soms moeisaam, maar onthou: die krag wat jou vorentoe dryf, is nie joune nie, maar God s'n. Neem die reis met ope arms aan, koester jou geloof en laat God die groei behartig.

### GEBED

Liewe Here Jesus, dankie dat U my toerus met alles wat ek nodig het vir 'n lewe van godsvrug. Help my om die hulpbronne en seëninge wat U in en om my geplaas het, te herken. Versterk my geloof en lei my namate ek elke dag meer na u gelykenis groei. Amen.

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

### *2 Petrus 1:5-11*

En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugszaamheid, die deugszaamheid met kennis, 6 die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7 die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense. 8 As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9 Iemand wat hierdie dinge nie sy eie maak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is. 10 Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. 11 En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.







## DAGSTUKKIE

Week 5 • Dinsdag

### SOAP

2 Petrus 1:8

*Want as hierdie dinge werklik joune is en voortdurend toeneem, sal dit jou daarvan weerhou om oneffektief en onproduktief te word in jou strewe om ons Here Jesus Christus meer intiem te ken.*

### OORDENKING

As jy na 'n boom kyk, hoe bepaal jy sy gesondheid? Deur sy vrugte. Net so is die bewyse van 'n gesonde Christen goeie vrug wat in 'n mens se lewe geproduseer word (Gal. 5:22-23). Petrus brei hierop uit in 2 Petrus 1:8 wanneer hy praat oor die aanvulling van ons geloof met deugde soos uitnemendheid, kennis, selfbeheersing, volharding, godsvrug, goedheid en liefde.

Namate jy hierdie goddelike deugde in jou elke dag inkorporeer, neem die vrugbaarheid van jou lewe toe. En hierdie vrug baat jou nie net nie; dit loop oor, seën en voed diegene wat God rondom jou geplaas het.

Het jy al ooit stilgestaan om te oorweeg of hierdie “vrugte” in jou lewe teenwoordig is? Petrus stel nie voor dat een Christen een van hulle mag hê en 'n ander een die ander nie. Hy skryf asof al sy lesers al hierdie eienskappe in toenemende mate moet besit. Trouens, hy moedig hulle aan om “alles in die werk te stel” om hierdie eienskappe na te streef.

Sommige van ons sien miskien baie min van hierdie deugde in ons lewens. En Petrus gee die rede vir die gebrek aan vrugbaarheid by sommige: “elkeen wat hierdie eienskappe kortkom, is so bysiende dat hy blind is, omdat hy vergeet het dat hy van sy vorige sondes gereinig is” (2 Pet. 1:9). Diegene wat bysiende is, fokus net op hulself en hul probleme, in plaas daarvan om hul oë op te hef na God. (Johannes 15:4-5). Net soos daar seisoene in 'n jaar is, is daar ook seisoene in ons lewens. Moenie die vrug van jou lewe met een seisoen beoordeel nie.

Jesus het belowe dat diegene wat Syne is, goeie vrugte in hulle lewens sal dra (Johannes 15:16). As ons wil hê dat hierdie eienskappe moet toeneem, moet ons in Jesus bly deur ons oë na Hom op te hef, net op Hom en sy werk vir ons te vertrou, Hom te gehoorsaam en Hom te vra om ons vrugbaar te maak. Dit sal nie oornag gebeur nie, maar geleidelik, net soos in die natuur, sien ons die vrugte stadig maar seker groei en ryp word. Onthou dat God die meestertuinier is, en onder sy sagte sorg sal jy baie vrugte dra. Vertrou dat Hy, op sy volmaakte tydsberekening, jou lewe sal laat uitbars in oervloedige vrugbaarheid.

Liewe vriend, wees getrou aan wat God jou gegee het; kweek die vrug van die Gees in jou lewe en laat God die vrugbaarheid hanteer. Hy is immers die meestertuinier, en onder sy sagte sorg sal jy baie vrug dra.

### GEBED

Liewe Here Jesus, dankie dat U saad van deugde in my saai. Help my om getrou te wees in die versorging daarvan, en mag my lewe op u tyd 'n getuigenis van u vrugbaarheid wees. Leer my om in U te bly, wetende dat U groei sal verseker. Amen.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

### *2 Petrus 1:12-15*

Om hierdie rede sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner, al weet julle dit en al staan julle reeds vas in die waarheid wat aan julle bekend gemaak is. 13 Ek ag dit immers my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe. 14 Ek weet dat my dood nie meer ver is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak. 15 Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou.





## D A G S T U K K I E

Week 5 • Woensdag

### SOAP

*2 Petrus 1:12*

*Daarom is ek van plan om u voortdurend aan hierdie dinge te herinner, alhoewel u dit weet en goed gevestig is in die waarheid wat u nou het.*

### O O R D E N K I N G

Die waarheid is, ons is vergeetagtige mense. Ons vergeet God se beloftes en ons vergeet sy getrouheid. As gevolg hiervan het ons voortdurende herinneringe aan die grondbeginsels van ons geloof nodig. Die lewe jaag verby, en ons verloor dikwels die kosbare beloftes en fundamentele waarhede wat eens ons geloof geanker het, uit die oog. Ons geestelike geheueverlies is baie soos om 'n kosbare aandenking te verloor—ons verstaan die waarde daarvan, maar ons kan nie onthou waar ons dit gebêre het nie.

Petrus het ons dilemma verstaan. Daarom het hy hom in 2 Petrus 1:12 daartoe verbind om ons altyd aan hierdie waarhede te herinner, al ken ons dit dalk reeds. Hoekom? Want om iets eenmaal te weet, ets dit nie permanent in ons harte nie. Soos die dae in jare verander, kan selfs die kosbaarste waarhede oorskadu word deur die afleiding van die lewe en verstande wat vergeetagtig is

God het geweet dat ons sou sukkel om te onthou en geneig sou wees om te vergeet, daarom het Hy vir ons die Heilige Gees gegee. Jesus sê in Johannes 14:26 dat een van die verantwoordelikhede van die Heilige Gees is om ons alles te leer en ons aan alles te herinner. Die taak van die Heilige Gees is nie net om ons te help om God se Woord te verstaan nie, maar Hy help ons ook om dit te onthou. Dit is soos om 'n gekoesterde brief weer te lees. Elke keer ontdek ons nuanses en bevestigings wat ons harte aanmoedig en ons van binne af versterk.

Stel jou nou die impak voor as ons nie hierdie waarhede oordra nie. Dit is 'n ontnugterende gedagte om te besef dat ons geloof net 'n generasie weg van uitwissing kan wees. Maar, lieue vriend en vriendin, ek en jy? Ons is fakkeldraers. Ons dra die vlam van geloof en verlig die pad vir die geslagte wat na ons kom. Laat ons dus daardie vlam aansteek, hierdie waarhede oordra en verseker dat ons kinders en hulle kinders vasstaan in hul kennis van God se Woord.

### G E B E D

Liewe Here Jesus, dankie vir die herinneringe aan u waarheid en getrouheid. Versterk my hart om altyd daaraan vas te hou en help my om dit oor te dra aan die geslagte wat kom. Laat u Woord 'n lig wees vir ons paaie, vandag en tot in ewigheid. Amen.

## LEES

*Week 5 • Donderdag*

### *2 Petrus 1:16-18*

Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien. 17 Hy het van God die Vader eer en heerlijkheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.” 18 Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was.







## D A G S T U K K I E

Week 5 • Donderdag

### SOAP

2 Petrus 1:18

*Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was.*

### O O R D E N K I N G

Wanneer Petrus hier van die verheerliking van Jesus praat, is dit nie een of ander tweedehandse verslag nie. Hy was daar. Hy het die majestueuse wit klere gesien en God se stem gehoor (Matteus 17:1-13). Dit is 'n eerstehandse verslag van iemand wat by hierdie hemelse ontmoeting ingesluit is. Wanneer Petrus sy herinneringe deel om saam met Jesus te wees tydens daardie wonderbaarlike verheerliking, is dit asof hy ons uitnoui om saam met hom te gaan sit en 'n persoonlike verhaal te hoor. In daardie dae was verhare hartkloppe wat van een gelowige na 'n ander oorgedra is en Petrus se hegte verhouding met Jesus het hom in 'n unieke posisie van vertrouwe geplaas. Terwyl hy oor die verheerliking praat, is dit nie net vir historiese rekord nie. Dit is 'n intieme herinnering aan Jesus se goddelike natuur, gedeel met die warmte van 'n dierbare vriend wat 'n gekoesterde herinnering onthou. Petrus se ooggetuie-getuienis, wat neergeskryf en opgeteken is vir die geslagte Christene wat hom gevolg het, is 'n innige omhelsing wat ons gerusstel van die diepe waarhede waaraan ons in ons geloof vashou.

Waarom sou Petrus hierdie gebeurtenis in sy brief insluit? Omdat die verheerliking nie net 'n wonderbaarlike tentoonstelling van Jesus se glorie was nie, maar ook 'n bewys van kernwaardes van ons Christelike geloof. Eerstens bevestig dit dat Jesus die Seun van God is. As enige Christenleeraar die goddelikheid van Jesus ontken, dan is daardie leraar 'n valse leraar.

Verder gee hierdie gebeurtenis gewig aan die offer wat Jesus vir ons gemaak het. Die kruis was nie net 'n historiese gebeurtenis nie. Dit was die manifestasie van liefde in sy suiwerste vorm, Jesus wat homself vir ons sondes opgeoffer het.

Die verheerliking het ook 'n blik op God se wonderlike koninkryk vertoon. Dit was 'n voorsmaak van wat op ons wag – 'n pragtige en ware koninkryk gebou op liefde, genade en ewige glorie.

Laastens, verweef in hierdie hemelse gebeurtenis, lê die les van lyding en glorie. Net soos Jesus deur geweldige lyding gegaan het net om later verheerlik te word, sal ons ook beproewings in ons lewens beleef. Maar, onthou om nie te vrees nie. Aan die ander kant van daardie beproewings wag ondenkbare glorie.

### G E B E D

Liewe Here Jesus, terwyl ons nadink oor die verheerliking, mag Petrus se getuienis nie net ons geloof bevestig nie, maar ons ook nader aan U bring en die diepte van u liefde en u ontsagwekkende majesteit openbaar. Versterk ons voorneme om elke dag getrou met U te wandel. Amen.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

### *2 Petrus 1:19-21*

En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte. 20 Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, 21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.





## D A G S T U K K I E

Week 5 • Vrydag

### SOAP

2 Petrus 1:20-21

*Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.*

### O O R D E N K I N G

In die tyd wat Petrus geleef het, het baie valse leraars God se Woord verdraai om by hulle eie agendas te pas, wat daartoe gelei het dat baie mense op 'n dwaalspoor gelei is. Dit is nie vandag anders nie. Petrus spreek baie ferm hierteen uit en bevestig die Bybel se egtheid en goddelike openbaring. Hy verklaar dat God se Woord nie 'n produk van mense se denke is nie. Dit is deur God geïnspireer, net soos Paulus en 2 Timoteus 3:16-17 sê. Petrus verdedig die Bybel deur te sê dat die skrywers nie hul eie interpretasie gegee het nie, maar geskryf het wat God deur hulle gespreek het deur die krag van die Heilige Gees. Dit was nie hul verbeelding nie. Dit was God se openbaring. Die Bybel is God se liefdesbrief wat aan sy kinders geskryf is om te vertel van sy groot verhaal van verlossing deur Jesus Christus.

Elke vers, elke gelykenis en elke profesie is geskryf onder die leidende hand van die Heilige Gees. Die skrywers? Hulle was mans, deur God gekies, wat nie uit hul eie wysheid geskryf het nie, maar wat as tuie vir God se goddelike openbarings opgetree het. Beteken dit dat hulle bloot marionette vir die Heilige Gees was? Nee. Hulle het steeds in hul eie styl geskryf met woorde wat die mense rondom hulle sou verstaan, maar die Heilige Gees het hulle gelei om die waarhede van God te skryf. Die Bybel is nie mense se woorde nie maar God se direkte woorde wat geskryf is aan diegene wat Hy liefhet.

Die Bybel is geskryf aan die alledaagse gewone mens, nie net die teologiese hoëlui nie. Daarom het jy nie 'n graad in teologie nodig om God se Woord te verstaan nie, maar wel die Heilige Gees. Soos jy die Bybel lees, het jy die Heilige Gees nodig om te leer en jou te help om groter begrip en toepassing vir jou lewe te kry.

Ons moet dankbaar wees vir die talentvolle Bybelleraars in ons kerke en leerskole, aangesien hulle ons help om beter begrip te kry. Tog moet ons nie net op hulle staatmaak nie, maar die Bybel ook vir onself bestudeer en op die Heilige Gees vertrou om die betekenis duidelik te maak.

Terwyl ons uitsien na Jesus se wederkoms moet ons seker maak dat ons God se Woord lees sodat ons nie mislei sal word nie. Wanneer ons in God se Woord gegrond is en deur die Heilige Gees gelei word sal ons nie maklik deur misleidende, valse leringe van stryk gebring word nie. In plaas daarvan sal ons in staat wees om sterk te staan, bemoedig met God se ewige en ewigdurende beloftes.

### G E B E D

Liewer Here Jesus, dankie vir die gawe van u Woord. Help my om die waarhede daarvan te koester, op die leiding van die Heilige Gees te steun en vas te staan teen enige verdraaiings. Mag ek altyd geanker wees in u ewige waarhede. Amen.

# OORDENKING

Week 5

1. *Waar is jy op jou reis van geestelike groei? Op watter gebied moet jy onwrikbaar staan: om oor te gee, God se Woord te ken, vertrou in God se tydsberekening, ens.?*

.....  
.....  
.....

2. *Is daar spesifieke deugde wat jy gelei voel om te kweek in hierdie seisoen van jou lewe? Hoe kan jy hulle getrou in jou alledaagse lewe koester?*

.....  
.....  
.....

3. *Watter fundamentele waarheid het jou lewe die meeste beïnvloed? Hoe kan jy dit aan die volgende generasie oordra?*

.....  
.....  
.....

4. *Terwyl jy nadink oor Petrus se deeglike verslag van Christus se verheerliking, hoe verdiep sy eerstehandse ervaring jou begrip en waardering van Jesus en die werklikheid van die hemel?*

.....  
.....  
.....

5. *Hoe laat jy toe dat die Heilige Gees die skatte van God se Woord in jou hart onthul?*

.....  
.....  
.....



Die Here stel nie  
die vervulling  
van sy belofte uit  
nie, al dink party  
mense so. Nee,  
Hy is geduldig  
met julle, omdat  
Hy nie wil hê dat  
iemand verlore  
gaan nie: Hy wil  
hê dat almal hulle  
moet bekeer.

2 Petrus 3:9

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Kies een area in jou lewe waar jy met ongeduld wag vir verandering of antwoorde. Gee dit aan God en erken sy perfekte tydsberekening. Elke keer as jy voel hoe jou ongeduld toeneem, herinner jouself aan 2 Petrus 3:9 en doen 'n kort gebed en vertrou dit aan Hom toe.*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

## LEES

*Week 6 • Maandag*

### *2 Petrus 2:1-10*

Maar daar was ook vals profete onder die volk, en so sal daar ook onder julle vals leraars kom. Hulle sal verderflike dwaalleer insmokkel en die Here wat hulle vrygekoop het, verloën. So sal hulle hulleself baie gou in die verderf stort. 2 Baie mense sal hulle losbandigheid navolg, en deur hulle toedoen sal mense kwaadpraat van die Weg van die waarheid. 3 In hulle hebsug sal hulle julle met allerhande stories uitbuit. Maar hulle vonnis is lankal gevel, en hulle ondergang is onafwendbaar. 4 God het selfs die engele wat gesondig het, nie gespaar nie. Hy het hulle in die hel gestort en hulle laat boei om in die duisternis gevange gehou te word vir die oordeel. 5 Hy het ook die wêreld van die outyd nie gespaar nie, maar die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring. Net vir Noag wat die wil van God verkondig het, en sewe ander mense het Hy gered. 6 Die stede Sodom en Gomorra het Hy tot verwoesting veroordeel en tot as verbrand, en met hierdie voorbeeld het Hy getoon wat oor die goddelose mense gaan kom. 7 En tog het Hy vir Lot gered, 'n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige lewenswyse van sedelose mense. 8 Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit 'n foltering was vir sy opregte gemoed. 9 Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou. 10 Veral hulle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag. Hierdie leraars is uitdagend en verwaand en huiwer nie om hemelwesens te beledig nie.





## D A G S T U K K I E

Week 6 • Maandag

### SOAP

2 Petrus 2:9

*Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou.*

### O O R D E N K I N G

Daar was valse leraars in Petrus se tyd, net soos daar vandag valse leraars vandag is wat dinge verdraai en dikwels vra: “het God dit regtig gesê...?” Hulle lesse klink dalk soet in ons ore en weerklank wat ons harte smag om te hoor, en dit maak hul boodskappe des te meer gewild. Hulle gebruik bekende terme wat vir hulle verskillende betekenis het. Hulle ontken die Godheid van Jesus Christus, die onfeilbaarheid van die Bybel, verlossing deur geloof en selfs die realiteit van die hel en die ewige oordeel. Hulle is skandelige en gierige meesterbedrieërs wat God se Woord verdraai om hul eie begeertes te ondersteun.

Tog is dit hier waar hoop op sy helderste skyn. Net soos God geweet het hoe om Noag te red van ‘n wêreld wat in goddeloosheid verdrink en vir Lot uit ‘n stad van sonde, weet Hy hoe om ons ook te red. Die wêreld kan dalk verdrink in verwarrende en misleidende stemme, maar God is onwrikbaar. Sy waarheid is ‘n baken wat ons deur die onstuimige see van misleiding lei.

2 Petrus 2:9 herinner ons, “... die Here weet hoe om die godvresendes uit hulle beproewinge te red...”. Dit is ‘n belofte waarop ons vas kan staan. Selfs te midde van die chaos van valse leringe en wêreldbeskouings wat ons geloof uitdaag, is God ons beskermmer en verdediger. Hy is ons kompas wanneer ons verlore voel en ons toevlug wanneer storms van twyfel ons geloof probeer skud.

Wanneer jy dus oorweldig of onseker voel as gevolg van die talle stemme om jou, onthou Noag. Onthou Lot. Hulle het geleef omring deur mense wat gelag het vir regverdigheid en wat die dinge van God bespot het, maar ons liefdevolle Vader het in sy genade presies geweet hoe om hulle te red... en net betyds.

Op dieselfde manier sien God die uitdagings van die samelewing waar jy woon en Hy kan jou ook verlos. Hou styf vas aan sy beloftes, want net soos Hy Noag en Lot gered het sal Hy jou naby en veilig hou totdat Jesus terugkeer.

### G E B E D

Liewe Here Jesus, dankie vir U oneindige liefde en beskerming. Soos die wêreld meer goddelose stemme en leringe omhels, help my om waarheid en misleiding te onderskei. Soos Noag en Lot, lei en beskerm my elke tree van die pad. Amen.

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

### *2 Petrus 2:11-16*

Selfs die engele, wat tog baie sterker en magtiger is, bring nie voor die Here lasterlike aanklagte teen hierdie wesens in nie. 12 Maar hierdie mense praat lasterlik van dinge waarvan hulle niks verstaan nie. Hulle is soos verstandlose wilde diere wat voortgebring word om gevang en doodgemaak te word. Soos wilde diere sal hulle ook verdelg word. 13 Vir hulle goddeloosheid sal hulle die loon van die goddelose ontvang. Hulle verlustig hulle daarin om helder oordag swelgpartye te hou. Wanneer hulle saam met julle eet, is hulle 'n smet en 'n skande omdat hulle hulle aan uitspattighede te buite gaan. 14 Hulle oë is die ene wellus, en aan sonde kry hulle net nie genoeg nie. Hulle verlei onstandvastige mense en is bedrewe geldwolwe, die vervloektes! 15 Hulle het die reguit pad verlaat en verdwaal geraak. Hulle het die weg gevolg van Bileam seun van Beor wat daarop uit was om vir geld onreg te pleeg, 16 maar wat oor sy oortreding bestraf is. 'n Stom rydier het met die stem van 'n mens gepraat en 'n einde gemaak aan die onsinnige optrede van die profeet.







## D A G S T U K K I E

*Week 6 • Dinsdag*

### SOAP

*2 Petrus 2:15*

*Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal geraak. Hulle het die weg gevolg na Bileam seun van Beor wat daarop uit was om vir geld onreg te pleeg,*

### OORDENKING

Het jy al ooit die verhaal van Bileam gehoor? In Numeri 22 - 24 vind ons 'n veelseggende verslag van 'n nie-Joodse profeet genaamd Bileam. Hy staan as 'n aanskoulike voorbeeld van iemand wat die onderskeid tussen reg en verkeerd geken het, maar die versoeking het hom van geregtigheid laat afwyk. Ten spyte van die begrip dat dit verkeerd was om die Jode te vervloek, het Bileam se hart gewankel toe rykdom en eer voor hom gehang het. Net so het die man wat eens duidelik was oor die regte pad, toegelaat dat hy deur die wêreldse veroekings om die bos gelei word.

Net soos Bileam, het baie valse leraars gedurende Petrus se tyd en ons tyd toegelaat dat hulle siele verstrik raak deur hebsug en selfgesentreerde begeertes. Die aanloklikheid van materiële winste en erkenning het hulle die uiteindelijke waarheid en goddelike doel uit die oog laat verloor. Hulle wat helder bakens van God se wysheid kon wees, het eerder 'n skaduweepad gekies wat hulself en ander na geestelike duisternis gelei het.

Gelukkig is daar vir ons ander baie meer inspirerende rolmodelle in die Skrif! Wanneer ons kyk na die model van 'n ware dienaar van God, soos Moses, Daniël of Ester, wat sien ons? 'n Hart vol nederigheid, oë wat verby persoonlike winste kyk en hande wat poog om ander met liefde en gehoorsaamheid te dien. So 'n dienaar jaag nie wêreldse lof of geldelike belonings na nie. Haar vreugde en bevrediging kom uit elke daad om God te dien waar dit genoeg is om sy liefde na ander uit te straal.

In vandag se wêreld waar verskoeking dikwels geklee kom in die mees aanloklike gedaantes, mag ons vroue wees wat vasstaan in ons geloof. Mag ons harte geanker bly in God se waarheid en ons geeste verterk word deur 'n opregte liefde vir Hom. Laat ons nie deur vlietende plesier of die wispelturige applous van die wêreld laat van stryk af gebring word nie. Laat ons harte eerder 'n lied van onsterflike toewyding en standvastige gehoorsaamheid aan ons Hemelse Vader sing.

### GEBED

Liewe Here Jesus, versterk asseblief my hart teen die aanloklikheid van die wêreldse versoekings. Help my om U te dien met onwrikbare liefde en gehoorsaamheid, en om u wil bo alles te plaas. Amen.

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

### *2 Petrus 2:17-22*

Hierdie mense is droë fonteine, miswolke wat deur 'n stormwind voortgejaag word. Vir hulle word in die diepste duisternis plek gehou. 18 Hulle is aanmatigend en sê sinlose dinge. Met wellus en losbandigheid verlei hulle die mense wat pas vrygekom het uit die kring van dié wat op dwaalweë verkeer. 19 Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf. 20 Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin. 21 Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is. 22 Van hulle is die spreekwoorde waar: “'n Hond gaan terug na sy braaksel toe” en: “'n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder.”





## DAGSTUKKIE

Week 6 • Woensdag

### SOAP

2 Petrus 2:19

*Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf.*

### OORDENKING

Ons smag almal na vryheid, 'n gevoel van 'n lewe sonder laste, waar ons ons outentieke self kan wees sonder enige kettings wat ons terughou. Maar daar is 'n belangrike waarheid wat ons moet erken: wat ook al sy greep op ons het, het uiteindelik beheer oor ons. Ons roetines, ons gedagtes, ons woorde, demontreer wie of wat ons harte besit. Dit is soos om te probeer luister na twee verskillende liedjies wat op dieselfde tyd speel. Die melodieë bots, en geen deuntjie kan ten volle waardeer word nie. Net so, in ons geestelike reis, word ons gekonfronteer met 'n bepalende keuse. Laat ons dat God ons voetstaple lei, of dans ons op die wêreld se ritme?

Hierdie charismatiese figure, hierdie valse leraars, kan ongelooflik oortuigend wees. Hulle kom met prikkelende woorde, beloftes van vryheid en visioene van 'n lewe wat nie deur reëls of sedes beperk word nie, waar ons in beheer kan wees. Maar, wanneer ons die lae afstroop, is die essensie van hul boodskap hol. Hulle is self verstrik, gebind deur die versoekings van hebsug, wellus en plesier wat hulle verkondig. Die ironie?

Terwyl hulle vir bevryding pleit, is hulle vasgevang in hul eie kettings.

Die aanloklikheid van die wêreld is onmiskenbaar. Dit sprinkel met beloftes van onmiddellike bevrediging, plesier en vlugtige vreugdes. Maar sulke tydelike genot kom teen 'n hoë prys. Die vryheid wat dit beloof is 'n illusie, 'n lugspieëling in die woestyn van die lewe. Wat as 'n prettige strewe begin, word gou 'n bindende ketting, wat lei tot gevoelens van leegheid en vasgevangenheid.

In skille kontras staan Jesus, ons ware vryheid. Sy liefde is onvoorwaardelik. Sy beloftes is onbreekbaar. Hy bied nie net 'n tydelike ontsnapping aan nie. Hy bied 'n blywende bevryding van die kettings wat ons vasgevang hou. Hy is die enigste een wat ons kettings kan breek en ons kan vrymaak.

Dit is 'n reis en 'n deurlopende keuse elke dag. Leuens het 'n manier om aantreklik voor te kom, maar tog bind hulle ons in onsigbare kettings. Aan die ander kant, die aanvaarding van die waarheid wat Jesus geleer het, het die diepgaande krag om ons te bevry. "en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32) is nie net 'n gesegde nie; dit is 'n werklikheid vir diegene wat kies om in sy lig te wandel. Terwyl ons ons lewens navigeer, mag ons die valse van die egte onderskei, deur die pad te kies wat lei na ware, ewige vryheid.

### GEBED

Liewe Here Jesus, lei ons weg van die leë beloftes van hierdie wêreld. Vul ons harte met U waarheid, sodat ons ware vryheid in U kan vind. Versterk ons om diegene wat ons op 'n dwaalspoor sal lei, te herken en te weerstaan. Amen.

## LEES

*Week 6 • Donderdag*

### *2 Petrus 3:1-10*

Geliefdes, dit is al die tweede brief wat ek aan julle skrywe. In albei het ek geprobeer om julle weer helder te laat dink deur julle te herinner aan 2 die woorde wat vroeër deur die heilige profete verkondig is, asook aan die gebod van die Here en Verlosser wat deur julle apostels aan julle oorgedra is. 3 Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot 4 en sê: “En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af.” 5 Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede ‘n hemel en ‘n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. 6 En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstrom is en vergaan het. 7 Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word. 8 Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. 9 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. 10 Maar die dag van die Here sal so onverwags soos ‘n dief kom. En op dié dag sal die hemel met ‘n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan.







## DAGSTUKKIE

Week 6 • Donderdag

### SOAP

2 Petrus 3:9

*Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.*

### OORDENKING

In ons gejaagde wêreld, smag ons nie almal na onmiddellike resultate nie? Ons wat gewoon is aan “vinnige kaffeïen inspuitings” vind dit moeilik om te wag wanneer God nie dadelik ons diepste verlanse vervul nie. Wanneer ons oor Christus se wederkoms lees, wonder ons dus natuurlik dikwels: “Here, hoe lank nog?”

En tog, in God se goedertierenheid, lees ons 2 Petrus 3:9 en sien ons die rede waarom Hy nog nie gekom het nie: “Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.”

God se “uitstel” is nie ‘n teken van sy vergeetagtigheid of onverskilligheid nie. In plaas daarvan wys dit sy liefdevolle hart. Sy tyd is nie ons tyd nie. Wat ons as “wag” sien, sien Hy as geleenthede vir meer siele om tot bekering te kom en sy oneindige, barmhartige genade te ontdek. Sy oorvloedige genade hou die aanbreek van die laaste dag terug, en gee baie meer mense kans om verlossing te vind voordat dit te laat is.

Terwyl ons smag na sy wederkoms, laat ons versigtig wees om nie toe te laat dat ons afwagting ons van balans af bring nie. Ons word geroep om met ‘n gevoel van dringendheid te leef, maar nie met angs nie. Ons moet lewe met bewustheid dat Jesus enige oomblik kan terugkeer. Daarom moet ons elke dag laat saakmaak. Tog moet dit ons nie keer om saadjies van die Evangelie te plant, verhoudings te koester of die drome wat Hy in ons harte geplaas het, na te streef nie. Terwyl ons wag vir daardie heerlike dag, is daar nog betekenisvolle werk wat gedoen moet word, liefde om gedeel te word en mense wat bereik moet word. Dit is ‘n ononderhandelbare roeping vir alle gelowiges. Ons word genooi in God se werk in, sy reddingsending, hier op aarde.

Laat ons dus ons lewe as ballerinas leef – op die tone, wakker, maar wat tog grasieus deur ons dans vloei. Dis hoe ons lewens behoort te wees: Gereed in afwagting van Jesus se wederkoms, maar steeds ten volle betrokke by die hier en nou, wat elke tree met doelgerigheid en genade neem, en skoonheid bring in die lewe waarmee God ons geseën het.

In daardie oomblikke wanneer die jongste nuus te ontstellend lyk, en jy nie weet hoe lank jy nog op Jesus kan wag nie, onthou God se ontsagtelike liefde. Hy wag, want Hy koester elke enkele siel en Hy smag na meer om tot bekering te kom. Terwyl ons ons dae navigeer, laat ons hulle ten volle leef, doelbewus, altyd gereed vir sy wederkoms, maar altyd teenwoordig in die hede en laat ons God verheerlik met die kosbare dae wat ons gegee is.

### GEBED

Liewe Jesus Christus, dankie vir u onmeetlike liefde en geduld. Help my om elke dag wat U my gegee het met ope arms aan te neem, om met doelgerigheid en afwagting te lewe, en altyd ‘n weerspieëling van u liefde te wees. Amen.

## LEES

*Week 6 • Vrydag*

### *2 Petrus 3:11-18*

Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12 Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegs melt. 13 Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers. 14 Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. 15 En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. 16 Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang. 17 Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie. 18 Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen.





## D A G S T U K K I E

Week 6 • Vrydag

### SOAP

2 Petrus 3:14-15

*Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe.*

### O O R D E N K I N G

Soos ons aan die einde van ons 1 & 2 Petrus studie kom, kan ek nie help om dankbaar te voel vir hoe God se Woord nooit nalaat om direk tot ons harte te spreek en ons aan te moedig met die waarheid wat ons moet hoor nie. In 2 Petrus 3:14-15 gee Petrus 'n laaste, diepgaande boodskap: “Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word...”

Terwyl ons op Christus se wederkoms wag, word ons nie bloot gevra om te wag nie. Ons is geïnspireer om aktief te wag, om ywerig te wees om te verseker dat ons harte en lewens sy liefde en heiligheid te midde van ons wag weerspieël.

Wag is nie 'n passiewe daad nie. Dit is 'n seisoen van voorbereiding, groei en volwassewording in ons geloof. Net soos 'n bruid haarself voorberei vir haar bruidegom, word ons ook geroep om onself voor te berei vir ons terugkerende Koning. Die geduld van ons Here is redding. Elke oomblik wat Jesus vertoef, elke bykomende sekonde wat Hy ons hier op aarde gee, is 'n bewys van sy diepe begeerte dat elke siel Hom moet leer ken.

Maar terwyl ons wag, word ons nie aan ons eie lot oorgelaat nie. Soos vers 18 ons aanmoedig, moet ons “toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.” God is meer as gewillig om ons te help as ons na heiligheid en 'n dieper kennis van Hom streef. Om ons Verlosser, Jesus Christus te ken, is die sleutel tot die lewe van godsaligheid waarvoor Petrus ons gemotiveer het.

Soos ons hierdie studie beëindig, bid ek dat jy bemoedig is. Die laaste verse van 2 Petrus is 'n sagte herinnering en 'n oproep om doelgerig en met reinheid en vrede te lewe. Kom ons stel dit as ons doel om te groei in die kennis van Jesus. Kom ons vertrou Hom selfs deur ons stryd en lyding. Kom ons hou aan tot die dag wanneer ons uiteindelik tuis is, Hom van aangesig tot aangesig sien en Hom die eer gee vir alle ewigheid.

### G E B E D

Here Jesus, dankie vir die reis deur 1 & 2 Petrus en die waarhede wat geopenbaar is. Terwyl ons wag op u glorieryke wederkoms, vul ons met aktiewe hoop, 'n begeerte om te groei in u genade, en 'n hart wat U elke dag soek. Amen.

# O O R D E N K I N G

*Week 6*

1. *Hoe stel die wete dat God Noag en Lot uit hul gemeenskappe gered het, jou in jou huidige omstandighede gerus?*

.....  
.....  
.....

2. *In watter areas van jou lewe voel jy die meeste in die versoeking om wêreldse winste bo God se waarhede te prioritiseer?*

.....  
.....  
.....

3. *Was daar 'n tyd in jou lewe waar die versoeking van sonde bevreemding beloof het, maar jou net leeg en onvervuld laat voel het? Wat het jy gedurende hierdie seisoen oor God geleer?*

.....  
.....  
.....

4. *Terwyl jy oor God se liefdevolle geduld nadink, hoe kan jy vandag laat tel terwyl jy 'n hoopvolle afwagting op Jesus se wederkoms behou?*

.....  
.....  
.....

5. *Hoe sal jy aktief op Jesus wag, groei in genade en jou hart voorberei vir sy wederkoms?*

.....  
.....  
.....



# Sluit By Ous Aan

## AANLYN

*lovegodgreatly.com*  
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

## JOERNALE

*lovegodgreatly.com/store*

## FACEBOOK

*lovegodgreatly*  
*lovegodgreatlyafrikaans*

## INSTAGRAM

*@lovegodgreatlyofficial*  
*@lovegodgreatlyafrikaans*

## APP

*Love God Greatly*

.....

## KONTAK ONS

*info@lovegodgreatly.com*  
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.*  
*com*

## SKAKEL BY ONS IN

*#LoveGodGreatly*  
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*



## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings  
Bybelleesplanne  
Aanlyn Bybelstudie  
Love God Greatly Toepassing  
Meer as 200 Lande Bedien  
Bybelstudie Joernale  
Gemeenskapsgroepe  
Love God Greatly Bybel  
Love God Greatly Bybel vir Jong Vroue  
Spaanse Love God Greatly Bybel

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasinge per Week  
Daaglikse Dagstukkies  
Volle Skrifgedeeltes  
Weeklikse Memoriseerverse  
Weeklikse Uitdagings  
Weeklikse Oordenkingsvrae

### *Ander studies*

Die Beloofde Messias	Verlos van Skaamte	1 & 2 Tessalonisense
Wapenrusting van God	Ewige Verbond	Jakobus
Van Gebroke na Herstel	Jesus, Ons Alles	Sy Naam Is...
Blywende Hoop	Ken die Liefde	Filippense
Nie Gemaak Om Alleen Te Wees	In Sy Krag: Gister en Vandag	1 & 2 Timoteus
Nie	Vrees en Angs	Toegewy
Hy Sien, Hy Ken, Hy Gee Om	Opgestaan	Rut
Die God Wat Herstel	Nader tot God	Gebroke en Verlos
Kom, Here Jesus, Kom	Saligsprekinge	Wandel in Wysheid
Kies God, Nie Die Wêreld Nie	Ester	God Met Ons
Volkome Oorgawe	Woorde Maak Saak	Jy is Vergewe
Vertrou God Te Midde Van	Wandel in Oorwinning	Dawid
Lyding	Laat Reg Geskied, Bewys Liefde	Prediker
Ons Sekuriteit Vir Die Ewigheid	En Trou, Lewe Bedagsaam Voor	Name van God
Die Belangrikheid van Gebed	Jou God	Galasiërs
Die Grootste Geskenk	Getroue Liefde	Psalm 119
Geloof Bo Perfeksie	Wees Dapper	1 & 2 Petrus
In Jesus Is Jy...	Verlosser	Gemaak vir Verhoudings
Vriendskap	Beloftes van God	Die Pad na Kersfees
In Die Begin	Liefde Sonder Vooroordeel	Die Bron van Dankbaarheid
Die Evangelie van Markus	Waarheid Oorwin	Jy is Geliefd